Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Leefkuns

# Dienbaarheid

Diens is ‘n handeling waardeur ‘n individu of ‘n instansie ‘n aanwins vir ander mense en die gemeenskap is. Dit behels onder andere om ander te bedien, by te staan en behulpsaam te wees. Swak dienslewering raak almal en ‘n ingryp tot beter diens word dan dringend noodsaaklik. Jy kan nie net ontvang en nie wil teruggee nie. Frances Hesselbein, president van die Leader to Leader institute in Amerika, is van mening dat dit veral diegene is wat ontvang het wat ‘n groter verantwoordelikheid het om te gee.

Kinders behoort vroeg reeds aangemoedig te word om geleenthede te kry om tot diens van ander te wees, Waar hulle geleenthede kry om diensbaar te wees, sal hulle nie net ‘n verskil in ander mense se lewens maak nie, maar gee dit ook sin aan hulle eie lewe.

Jesus leer sy dissipels: “Wie onder julle ‘n leier wil wees, moet almal te dien. En wie eerste onder julle wil wees, moet almal se slaaf wees. Selfs Ek, die Seun van die Mens het immers nie gekom om gedien te word nie, maar om diens te lewer..” (Markus 10:43-45 NLV) In die evangelie van Johannes was Jesus sy dissipels se voete (13:5).

*Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.*

*Hoe pas hierdie by jou lewe in?*

*Wat kan julle as gesin uit hierdie storie neem?*

*Wat kan jy baat , sou jy hierdie "kuns" kan aanleer in jou lewe?*

Christelike liefde lê in self - opofferende diens. Paulus skryf dat dit ‘n genadegawe is om ander te dien, wat jy met oorgawe moet doen (Romeine 12:7),Hy adviseer Timoteus om ander aan te spoor om goed te doen, om ryk te wees in goeie dade en vrygewig en mede - deelsaam te wees (1 Tim 1:8).

Petrus skryf op sy beurt: “God het aan elkeen van julle ‘n genadegawe gegee. Met hierdie gawes moet julle mekaar dien sodat God se ryk en onverdiende goedheid deur julle na mekaar toe kan vloei. (1 Pet 4:10)

Hoe kan jy meer diensbaar wees?

Watse geleenthede kan jy skep vir jouself en ander om diensbaar te wees?